
# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 12: 9 April 2026



BELANGRIKE INLIGTING:

Datums Bl. 3
Fliekaand Bl. 6
Moedersdagverkope Bl. 8



# Uit die kantoor

- Welkom terug na die vakansie. Ek vertrou u het die vakansie saam met u geliefdes geniet.
- Leerderverslae van die eerste kwartaal word vandag huis toe gestuur, asook die oueraandbrief en brief i.v.m. die slaagvereistes. Indien u bekommerd is oor u dogter se vordering of enige ander probleme ondervind en graag u dogter se onderwyseres wil spreek, voltooi asb. die oueraandbrief en stuur na registeronderwyseres op Maandag, 13 April. Onthou dit is baie belangrik dat ons saam met u as ouers hande vat in belang van u dogter se vordering.
- Ons neem afskeid van mev. Elmarie Roos wat aan die einde van Maart afgetree het, na 40 jaar in die onderwys en 7 jaar by Oranje Primêr. Baie dankie vir dit wat jy vir ons dogters gedoen en beteken het in die Wetenskapklas. Ons wens jou voorspoed en seën toe met jou aftrede.
- Ons verwelkom hierdie kwartaal vir mev. Almaren Norval (Sesotho gr. 1 – 3 en Robotika), me. Bianca Pienaar (gr. 3C), mev. Carlyn Coertzen (sportorganiseerder), mev. Christa Kleynhans (NWT gr. 6 en NW en Tegnologie gr. 7) en mev. Yolandé Geldenhuys wat aflos in mev. Melienke Pretorius se pos wat met kraamverlof is. Mag julle gou deel wees van die Oranje familie.
- Skool se Verjaarsdag
  Op Vrydag, 10 April, word Oranje 119 jaar oud! Die dogters word met busse na die Vrouemonument vervoer. Die skool verdaag Vrydag om 12:00. Middagstudie gaan normaal voort.

  Kleredrag: Leerders moet asseblief baie netjies in somersdrag, m.a.w. pampoenrokke met skoolbaadjies. Hare moet netjies en volgens die reëls wees. Geen tasse word skool toe gebring nie.

  Op Sondag, 12 April, om 08:00 word die naweek se verrigtinge in die Klipkerk afgesluit. Die seniorkoor tree saam met die hoërskoolkoor op en Oranje-dogters, -ouers, -personeel en Oud-Oranjes kom dank ons Hemelse Vader dat Hy Sy hand van bewaring vir nog 'n jaar oor Oranje gehou het.
- Die o. 13A-hokkiespan het in die vakansie aan die All Girls toernooi deelgeneem en pragtige hokkie gespeel en dit baie geniet. Uitslae van wedstryde op bladsy 4. Baie dankie aan mnr. Ryno Rautenbach (wat ingestaan het vir mnr. Gyster van Schalkwyk as afrigter), mev. Engela le Roux (spanbestuurder) en mev. Anita Fourie wat die dogters vergesel het.
- Oranje se o. 12A- en o. 13A-netbalspanne het die vakansie aan Paarl Gimnasium se netbaltoernooi deelgeneem en dit baie geniet. Dankie aan die afrigters en spanbestuurders: mevv. Marida Myburgh, Chandriné Jones, Natasja Geyer en Jacolene Calitz wat die dogters vergesel het.
- Baie sterkte aan ons netbalspanne en -afrigters wat Saterdag aan verskillende skole se netbaldae gaan deelneem. Volgende Donderdag speel ons netbalspanne teen Onze Rust, A-liga en Dr. Viljoen, B-liga.
- Baie sterkte en seën vir dié kwartaal.

# BELANGRIK

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10 April: | Skoolverjaarsdag Monumentfunskie | | |
| | Skool kom 12:00 uit | | |
| | Marimba Oefenkamp 13:00 - 16:00 | | |
| | Orkes oefenkamp 12:00 - 14:00 | | |
| 11 April: | Netbal: | A-liga 1: Universitas vs OMS | |
| | | B-liga 1: Brebner vs OMS | |
| | | o.7 - o.13-netbaldag: | o. 7 Universitas |
| | | | o. 8 Brandwag |
| | | | o. 9 Onze Rust |
| | | | o.10 Jim Fouché |
| | | | o. 11 Bloemfontein Laerskool |
| | | | o.12 Fichardtpark |
| | | | o. 13 Pres. Brand |
| 12 April: | Kerkdiens 08:00 (Seniorkoor tree op) | | |
| 13 April: | Juf. Charné verjaar (Preprimêr) | | |
| | Leerderraadvergadering 17:00 (Dogters en ma's) | | |
| 14 April: | Voedselprojek Gr. 1A | | |
| 15 April: | Juf. Christine verjaar (Koshuis middagstudie) | | |
| 16 April: | Voedselprojek Gr. 1B | | |
| | Oueraand: Stadsouers | | |
| | Netbal: | A-liga 2: OMS vs Onze Rust | |
| | | B-liga 2: Dr. Viljoen vs OMS | |
| 17 April: | Ouermiddag: Koshuisouers | | |
| | Netbal: Mininetbal Festival by Willem Postma o. 7 - o. 9 | | |
| | ATKV-Redenaars: Streeksuitdunne Welkom | | |
| 18 April: | Tannie Bèneli verjaar (Koshuis) | | |
| | ATKV-Redenaars: Streeksuitdunne Welkom | | |
| | Seniorkoor: Oefenkamp 09:00 - 13:00 | | |

# Sport

## Hokkie

Die o.134A hokkiespan het op 27 en 28 Maart aan die All Girls toernooi by Wynberg in Kaapstad deelgeneem. Die span het ongelooflike hokkie gespeel en was die enigste span wat onoorwonne was tydens die toernooi. OMS het 40 doele aangeteken met net 2 doele teen hulle. Ons is baie trots op ons hokkie eendjies. Uitslae was soos volg:

| | |
|---|---|
| OMS wen Collegiate: | 5 - 0 |
| OMS wen Oakhurst: | 5 - 1 |
| OMS wen Herschel: | 1 - 0 |
| OMS wen Rustenburg: | 6 - 0 |
| OMS wen La Rochelle: | 7 - 0 |
| OMS wen Springfield: | 5 - 1 |
| OMS wen Wynberg: | 3 - 0 |
| OMS wen St. Cyprians: | 3 - 0 |
| OMS wen Clarendon: | 2 - 0 |
| OMS wen Eunice : | 3 - 0 |



## Netbal

Paarl Gimnasium Netbalfees
Gedurende die afgelope vakansie het ons onder 12- en onder 13-netbalspanne die geleentheid gehad om aan Paarl Gimnasium se netbalfees deel te neem. Dit is presies wat dit was... 'n Fees!

Die toer, in die prentjiemooi Paarl, was onvergeetlik vir die dogters en vir die juffrouens! Nie net is die dogters se vaardighede op die baan getoets nie, maar ook hulle veggees! Die warm weer het beslis ook 'n uitdaging gebied, maar ook dit het ons geleer om aan te pas en deur te druk!

Oranje se dogters se maniere van die baan af spreek boekdele. Ons is trots op elke dogter wat ons leuse, VOORUIT, gestand gedoen het. Die toer was oor meer as net netbal – ons het saam gegroei en nuwe herinneringe gemaak.

## Tennis

Twee dogters het tydens die skoolvakasie aan die volgende tennistoernooie deelgeneem:

| | | |
|---|---|---|
| Isabella van der Westhuizen, o.14 | American Express Nasionale tennistoernooi, 27 – 31 Maart 2026, Bloemfontein. | 50ste |
| Grace Dippenaar, o.12 | Suid-Afrikanse Junior Nasionale tennistoernooi, 1 – 5 April 2026, Bloemfontein. | 3de |



# Swem

Die volgende leerlinge het vanaf 27 Maart tot 29 Maart 2026 aan die Suid-Afrikaanse Streekskampioenskap (Vlak 3) in Bloemfontein deelgeneem en die volgende plekke behaal:

| | | |
|---|---|---|
| Kailah Nel | 400m Vryslag | 1ste |
| | 200m Vryslag | 1ste |
| | 100m Vryslag | 2de |
| | 200m Rugslag | 4de |
| | 200m IM | 4de |
| Lisa le Roux | 100m Vryslag | 3de |
| | 100m Rugslag | 1ste |
| | 200m Wisselslag | 4de |
| | 50m Vryslag | 7de |
| | 50m Rugslag | 7de |
| | 100m Borsslag | 7de |
| | Gemengde Wisselslag aflos | 1ste |
| | Gemengde 4x100 Vryslag aflos | 2de |
| | Meisies o/12 Wisselslag aflos | 4de |

Drie eendjies het vanaf 30 Maart tot 1 April 2026 aan die Suid-Afrikaanse Streekskampioenskap (Vlak 2) in Potchefstroom deelgeneem en die volgende plekke behaal:

| | | |
|---|---|---|
| Kaylin Blair | 100m Vryslag | 1ste |
| | 200m Wisselslag | 2de |
| | 50m Borslag | 2de |
| | 100m Borslag | 2de |
| | 50m Vryslag | 2de |
| | 200m Vryslag | 2de |
| | 200m Borslag | 2de |
| | 50m Vlinderslag | 3de |
| | 200m Gemengde Vryslag aflos | 3de |
| Aruana van der Westhuizen | 200m Wisselslag | 3de |
| | 200m Borslag | 2de |
| | Gemengde aflos | 2de |
| | 200m Vryslag aflos | 3de |
| Emma Relling | 200m Wisselslag | 3de |
| | 100m Borsslag | 1ste |
| | 50m Vryslag | 4de |
| | 50m Borsslag | 1ste |
| | 50m Rugslag | 4de |
| | 200m Borsslag | 2de |
| | 100m Vryslag | 4de |
| | 50m Vlinderslag | 3de |
| | Gemengde Wisselslag aflos | 1ste |
| Emma was ook aangewys as die tweede beste dogterswemmer (onder 11) by die byeenkoms. | | |







Primêre Meisieskool Oranje se

# FLIEK aand

## Maandag, 20 April 2026

Hekke open **17:00** | Fliek begin **18:30**

**Waar**: Oranje Primêr se gras hokkieveld

**Kaartjies en pakkette te koop op Karri of by die skoolkantoor**

**R60** Toegangskaartjie p.p.

**R60** Verversingspakket p.p.

**R60** Braaitoegang per gesin.




Verkope op Karri sluit **Maandag, 20 April, om 10:00**

Kaartjies sal Maandag in die klasse uitgedeel word.

Primêre Meisieskool Oranje se

FLIEK aand

### NB INLIGTING:

Bring 'n kombers of kampstoel. Eie verversings mag NIE ingebring word NIE. Indien jy die braaitoegang kaartjie koop, mag jy jou eie vleis bring!

### TE KOOP BY DIE FLIEKAAND:

"Chip twisters", worsbroodjies, koffie, springmielies, koeldrank, "sweeties" en 'n verskeidenheid "glow in the dark" items.

Kaart- en kontantfasiliteite beskikbaar.

Fliek

### PAKKETTE OP KARRI

R60 Toegangskaartjie p.p. Sluit alle ouderdom kinders en volwassenes in.

R60 Verversingspakket p.p. Sluit in: springmielies, koeldrank, "sweetie".

R60 Braaitoegang. Koop 'n braaikaartjie vir toegang tot 'n braaier en bring jou eie vleis en toerusting, hout en blits word voorsien. Geen alkohol en "coolers" met ander kos of verversings word toegelaat nie.



# Gedagte vir die week

**Wat maak dat 'n huwelik hou en kinders werklik floreer?**

Daar is nie 'n kitsoplossing nie, dit begin by die wortels van julle verhouding.
Elke kind is soos 'n boom, met 'n unieke ontwerp, doel en groeipad. Dis nie 'n legkaart wat jy moet oplos nie, maar 'n kompas wat na God se bedoeling wys.
Gesinne floreer nie deur perfeksie nie, maar deur doelbewuste bouwerk. Dit vra tyd, insig en die bereidheid om weer na die fondasie te kyk van hoe ons liefhet tot hoe ons ons kinders verstaan.
'n Huwelik se eenheid is harde werk. Tog lê daar hoop in die wete dat God nie klaar is met ons nie, nie in ons huwelik of ons ouerskap nie.

*~ Louis en Hettie Brittz ~*

## Lief en leed

Baie welkom aan mev. Yolandé Geldenhuys, me. Bianca Pienaar, mev. Christa Kleynhans, mev. Almaren Norval en mev. Carlyn Coertzen. Ons hoop julle gaan baie gelukkig wees by Oranje!



## Lief en leed

Baie geluk aan juffrou Melienke en haar familie met die geboorte van hulle seuntjie, Dries.




***

Baie geluk ook aan oom Martin wat weer oupa geword het van 'n pragtige dogtertjie, Mila.



Mag hulle vir julle baie vreugde bring.

## Lief en leed

Ons groet juffrou Elmarie Roos na 7 jaar. Baie dankie vir dit wat jy vir Oranje beteken het. Geniet jou aftrede, ons bid jou alles wat mooi is toe vir die toekoms.




Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Moedersdag
Mark
5 - 8 Mei
Di. 5 Mei - Do. 7 Mei verkope by OMS Gimsaal
Tye: 07:00 - 07:30
09:00 - 10:00
11:00 - 14:00
Vrydag, 8 Mei verkope voor kantoor vanaf 07:00 - 14:00
Kontant- en Kaartfasiliteite beskikbaar.
Verskeie produkte op Karri ook beskikbaar. Ontvang items op Vrydag, 8 Mei.


Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Protea Blomme
Protea Bossie
R290


Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Protea Blomme
Protea Boksie rangskikking
R290


Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Handgeverfde Platter Borde
Verpersoonlike familie/mamma/ouma bord
R600


Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Saucy Chocolate Poeding - 1150g (Groot)
R181


Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Beef Lasagne - 1350g (Groot)
R212


Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Hoenderpastei- 1250g (Groot)
R212




# Advertensies


SCAN THE QR CODE TO SHOP ONLINE
OUR FULL RANGE OF GROCERY DEALS
Bokomo Weet-Bix 900 g R49.99 each
Jungle Oats 2 kg 2 FOR R150
Kellogg's Rice Krispies Vanilla 500 g 2 FOR R130
Kellogg's All Bran Flakes 1 kg 2 FOR R160
Tetley Instant Chai Latte Original 8s 2 FOR R70
Freshpak Pure Rooibos Tagless Teabags 160-Pack R92.99 each
Five Roses Tagless Teabags 200-Pack R129 each
Frisco Original Instant Coffee & Chicory 750 g R139 each
Futurelife Smart Food 500 g Assorted (Excluding High Protein) ANY 3 FOR R140
Ellis Brown Creamer 750 g R54.99 each
Simba Potato Chips 120 g Assorted 2 FOR R34
Nestlé Chocolate Bars 40 g - 52 g Assorted ANY 5 FOR R60
Albany Tinkies 6 x 45 g Assorted PLUS 2 Beacon Mallow Egg Strip 3s BOTH FOR R59.99
Beacon Mallows 135 g Assorted 2 FOR R32
Bakers Topper Cream Biscuits 125 g Assorted ANY 5 FOR R50
Bakers Rusks 450 g Assorted R47.99 each
Bakers Blue Label Marie Biscuits 200 g Assorted 3 FOR R50
Powerade Sports Drink 500 ml ANY 3 FOR R35
Liquifruit 100% Fruit Juice Blend 2 L Assorted Any 3 FOR R140
Sparletta OR Twist Soft Drinks 2 L Assorted Any 3 FOR R60
Oros Squash Concentrate 5 L Assorted R89.99 each
Fanta OR Sprite OR Stoney OR Schweppes 2 L Assorted ANY 3 FOR R55
Pepsi Light OR Pepsi Original OR Pepsi Max OR Mirinda Orange OR Mountain Dew 2 L 3 FOR R50
Soda-T Carbonated Soft Drink 2 L Assorted 3 FOR R30
Great Value Still Water 5 L 2 FOR R40
3 | SAGGOA6036 DEALS VALID: 24 FEBRUARY - 23 MARCH 2026